# Les 21 DIE GROENDRAAD IS DIE EVANGELIE WAARDEUR ONS GETUG WORD

## 1. Die groendraad is daar om die ketel en die huis te beskerm

Tot nou toe het ons net na die bruin- en die bloudraad binne-in die koord gekyk. Daar is ook ŉ ander draad binne-in ŉ elektriese koord: dit is die groendraad. Waarvoor het ŉ koord hierdie groendraad? Ons noem dit die aarddraad. Hierdie draad vat nie krag na die ketel toe nie. Dit vat ook nie stroom na die kragsentrale toe nie. Dit doen iets heeltemal anders: hierdie draad registreer kortsluitings. As daar ŉ kortsluiting in die elektrisiteit kom, dan skakel hierdie draad die kragtoevoer na die ketel af.

Julle het dit dalk al gehoor: die kragtoevoer by die skakelbord maak eers so ŉ ligte gedreun. Hierdie gedreun wys iewers is daar besig om ŉ kortsluiting in die elektrisiteit te kom. As daar nie aandag aan die gedreun gegee word nie en die kortsluiting gebeur, dan sny die krag af. Dit word deur die groendraad gedoen. Hy registreer kortsluitings wat op pad is, en waarsku of sny af as daar een is.

Hoekom is dit belangrik? Omdat elektrisiteit, wat so ŉ nuttige ding is, iets gevaarliks en dodeliks kan word as daar ŉ kortsluiting kom. Doen ŉ mens nie iets aan ŉ dreigende kortsluiting nie, of skakel ŉ mens nie die krag af as ŉ kortsluiting gebeur nie, dan word die elektrisiteit ŉ vernietigende krag wat alles laat uitbrand – eers die ketel, en as daar nie gekeer word nie, sommer die hele huis.

Daarom moet die groendraad kortsluitings registreer, ons waarsku en die krag afsluit. Dit is die manier waarop gekeer word dat die geweldige positiewe krag van elektrisiteit nie ŉ vernietigende mag word nie. Die groendraad beskerm die ketel en die huis teen krag wat ŉ kortsluiting maak.

## 2. ŉ Kortsluiting is ŉ fout op die vloei van krag en stroom

ŉ Kortsluiting is ŉ baie spesifieke fout. Ketels kan vuil word, aanpak aan die binnekant en merke op die buitekant kry. Dit is dinge wat kan verkeerd loop. Hierdie dinge veroorsaak egter geen kortsluiting nie. ŉ Kortsluiting is ŉ fout wat kom met die vloei van die krag en die stroom. Dit is net wanneer daar fout kom met die vloei van krag en stroom, dat die groendraad begin dreun of afsny.

Die groendraad registreer nie vuilheid op die ketel, aanpaksels, of selfs krake en kepe op die ketel nie. Hierdie is nie foute wat probleme veroorsaak nie. Foute wat probleme veroorsaak, is wanneer die element só stukkendgaan dat dit inbreuk maak op die vloei van die krag of die stroom. Of dit is wanneer die koord só stukkendgaan dat die blou- en bruindrade se binnekante teen mekaar raak.

Hierdie foute is foute op die vloei van die krag in die bruindraad, en die stroom in die bloudraad. Dit is ernstige foute en veroorsaak ŉ kortsluiting wat die ketel se krag afsny, of baiekeer sommer die hele huis se krag afsny.

## 3. Tyd vir heelmaak of eenkant toe skuif

Die groendraad sny die krag af sodat die ketel en huis beskerm kan word teen die vernietiging van elektriese krag wat verkeerd loop. Dit sny die krag af sodat die ketel reggemaak kan word of, as dit nie reggemaak kan word nie, dat dit eenkant toe gestoot kan word sodat dit nie weer aan die krag gekoppel kan word nie.

## 4. <u>Die groendraad stel die Evangelie voor waardeur ons getug word</u>

Deur die Evangelie ontvang ons al die liefde en genade wat van God na ons kant toe kom. Dit het ons met die bruindraad, die kragdraad, vergelyk. Die Evangelie is die middel waardeur al die krag van God se genade en liefde in ons invloei.

Maar die Evangelie is ook die groendraad. Die Here tug ons ook deur die Evangelie. Tug gebeur op 3 maniere. Kom ons kyk in die boek Galasiërs hoe die Evangelie lidmate op hierdie drie maniere tug:

### A. Eerste manier: vermaning

- Galasiërs 2 verse 11 tot 14:

*“ [11]Toe Sefas egter later na Antiogië toe gekom het, het ek my openlik verset omdat sy optrede duidelik verkeerd was. [12]Voordat daar van Jakobus se mense aangekom het, het Sefas gewoonweg saam met nie-Joodse gelowiges geëet. Maar toe dié mense daar aankom, het hy hom eenkant begin hou, omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis. [13] Die ander Joodse gelowiges het ook saam met hom begin huigel, en selfs Barnabas het hom deur hulle huigelary laat meesleep. [14] Toe ek sien dat hulle van die evangeliese waarheid afwyk, het ek daar voor almal vir Sefas gesê: “ Jy is ŉ Jood, en jy hou jou nie meer aan die Joodse gebruike nie. As jy dan self leef asof jy nie ŉ Jood is nie, hoe kan jy dan mense wat nooit Jode was nie, dwing om te lewe asof hulle Jode is? [15] Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie. [16] En tog weet ons dat ŉ mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo.”*

1. Petrus doen hier ŉ sonde. Hy eet lekker saam met die heidene wat ook Christene geword het deur net in Jesus te glo – sonder wetsgehoorsaamheid. Maar toe kom van die Jode wat sê dat die heidene nie gered kan word deur geloof in Jesus alleen nie, daar aan. Wat doen Petrus? Hy maak toe asof hy nie by die heidene wat in Jesus glo, kom nie. Hy wil nie openlik vir die Jode sê dat heidene wat net in Jesus glo vir redding, ook reg is nie. Dit het by die gelowiges die indruk geskep ŉ mens hoef nie net in Jesus te glo om God se liefde te kry nie, jy moet ook besny word.

2. Petrus se optrede maak dat daar ŉ kortsluiting begin tussen die Wet en die Evangelie. Hy maak asof die bloudraad ook nodig is om gered te word. Hierdie is ŉ sonde wat ŉ kortsluiting tussen die Wet en die Evangelie veroorsaak. Dit maak dat mense begin dink die Wet is ook nodig om vergewe te word, gered te word, en Hemel toe te gaan.

Dit is ŉ afwyking van die waarheid van die Evangelie: die krag van God se liefde kom nét deur die Evangelie, die bruindraad, na ons toe.

3. **Wat doen Paulus?** Hy begin net soos die groendraad in ŉ koord dreun: hy waarsku en wys vir Petrus en die gelowiges hier is ŉ fout wat ŉ kortsluiting tussen die Wet en die Evangelie gaan maak. Hierdie waarskuwing word in die kerk genoem: **vermaning**. Vermaning is net soos ŉ groendraad wat ŉ kortsluiting registreer en die skakelbord laat begin dreun.

- Galasiërs 5:13 -15:

*“ 13 Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as ŉ verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. 14 Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat:”Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” 15 Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.”*

1. Die gemeentelede begin hier met ŉ sonde wat ŉ kortsluiting veroorsaak in die liefde van God. Hulle misbruik die vryheid wat Christene het, as ŉ verskoning om sonde te doen.

2. Hoe werk dit? Hulle hoef nie die Wet van die Here te onderhou om vergewe of gered te word nie. Hiervoor moet hulle net in die Here Jesus glo. Dit is wat die apostels vir hulle geleer het. Maar nou gebruik hulle dit as ŉ verskoning om glád nie die Wet te onderhou nie!

3. **Wat doen Paulus?** Hy vermaan hulle. Dit is weer soos ŉ groendraad wat begin dreun op die skakelbord. Hy registreer ŉ sonde by hulle wat ŉ kortsluiting tussen die Wet en die Evangelie gaan maak. Die Evangelie is die krag van God. Dit maak dat stroom vloei in die bloudraad. Die lidmate sê: “Nee, dit maak ons los van die Tien Gebooie, en daarom kan ons mekaar maar haat.” Dit is soos ŉ bloudraad wat stukkendgaan en dink hy kan maar brand en vonke maak, die krag sal maar altyd aanhou vloei.

Paulus wys hulle daarop dat hulle God se Evangelie misbruik. Hulle gebruik nie die krag om soos ketels te kook en ŉ diens te lewer aan hulle naaste met hulle talente nie. Hulle gebruik die krag om vonke en vlamme mee te maak.

Paulus **vermaan**. Hy wys dat die krag van God se liefde vir hulle nie só gebruik mag word nie. As hulle so maak, gaan die kragtoevoer afgeskakel word:

*“Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.”* (Gal.5: 21)

**B. Tweede manier: sensuur**

- Galasiërs 5:4 – 6:

*“[4] Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur. [5].Wat ons aan betref, deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur te glo, vrygespreek sal word. [6] In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan.”*

In die ou Bybelvertaling word vers 4 só vertaal: *“Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; Julle het van die genade verval.”*

1. Hierdie lidmate het sonde gedoen wat ŉ ernstige kortsluiting gemaak het.
2. Hulle wou redding kry deur hulle te bekeer, sondes te bely, te beloof hulle sal beter leef en probeer om God te gehoorsaam.
3. Hulle het hiermee aangehou, al het Paulus dit vir hulle anders geleer (Gal.1:6).
4. Hulle het dus ŉ ander evangelie probeer glo as wat die Bybel leer. Hulle wou nie maar net in Jesus glo om vergeef te word nie. Hulle wou aanhou bekeer en bely om ook daardeur gered te word.
5. Hierdie is ŉ baie ernstige kortsluiting tussen die Wet en die Evangelie: tussen God se liefde vir ons, en ons liefde vir Hom.

**Wat gebeur?** Hulle verbeur en verval van God se genade.

Hoe verbeur ŉ mens God se genade? Kom ons kyk weer na die ketel!

As daar ŉ ernstige kortsluiting kom, wat maak die groendraad? Die groendraad sny die kragtoevoer af. Hoe werk dit? Dit beteken dat net die vloei van die krag gestop word.

Dit beteken nie dat die kragsentrale nie meer werk nie. Al sny die kragtoevoer na ŉ ketel af, hou die kragsentrale nog altyd aan om krag na die huis toe te stuur. Die dinamo wek nog steeds die krag op. Die kragnetwerk vervoer nog steeds die krag na die huis toe. Die ketel bly selfs nog ingeprop in die koord. Niks van hierdie dinge word weggeneem nie. Dit is net die toevoer van die krag wat gestop word.

Om God se genade te verbeur, beteken nog nie dat ŉ mens verlore is nie, of dat Jesus nie meer vir ons alles by die Vader in die Hemel omdraai nie. Dit gebeur nog steeds. Maar die Evangelie het hierdie manier van werk: al draai Jesus nog alles om en stuur die Vader Sy liefde, word die toevloei van hierdie liefde na mense toe, onderbreek.

Hierdie deel van die tug word ‘sensuur’ genoem: die vloei van God se liefde en genade word afgesny van mense wat ŉ kortsluiting in die vloei van die krag van God se liefde na ons lewe, of die stroom van ons liefde na God uit die krag van die Evangelie, veroorsaak. Dan word ŉ mens soos ŉ ketel wat nog ingeprop is, maar waarvan die groendraad al die kragtoevoer afsny.

Die Evangelie kan nie deur ons misbruik word vir sonde nie, en die Wet kan nie vir vergifnis gebruik word nie. Doen ons dit, sny die Here al die vloei van Sy genade en liefde na die lidmaat af.

Hierdie deel van die tug word 'sensuur' genoem. Die kerkraad gaan na sulke lidmate en weier dat hulle die nagmaal of doop mag gebruik. Dit wys hulle daarop dat die Evangelie die kragtoevoer na hulle lewe afgesny het. Hulle is nog lidmate wat ingeprop is, maar die krag van die Evangelie vloei nie meer in hulle lewe in nie.

**C. Die derde manier: die Christelike ban**

- Kom ons lees Galasiërs 1:7 –  9:

*"[7] Daar is geen ander evangelie nie! [8] Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het -die vloek van God sal hom tref! [9] Ons het dit voorheen al gesê en ek sê dit nou weer; As iemand aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle ontvang het – die vloek van God sal hom tref! "*

- en Gal. 4:30:

*"Maar wat sê die Skrif hiervan? "Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun van die vrygeborene erf nie"*

Hierdie predikante waarvan Paulus hier praat, het aangehou om vir lidmate te leer dat hulle nie net deur Jesus gered en vergeef word nie. Hulle het hulle geleer hulle kan deur hulle bekerings, skuldbelydenisse en pogings om die Here lief te hê, ook vergeef en gered word. Hulle het doelbewus hiermee aangehou, al het Paulus en die ander apostels hulle vermaan.

Dit is 'n baie groot en aanhoudende kortsluiting. Meer, die fout wat die kortsluiting veroorsaak, wil nie ophou nie, dit hou net aan en aan.

**Wat gebeur nou?** Paulus sê dat God hierdie mense nou vervloek. 'Vervloek' beteken God vergeef hulle nie meer nie, en hulle is verlore vir God se liefde. Hierdie deel van die tug word 'afsnyding' genoem. Wanneer God dit met mense doen, dan moet die gemeente hierdie mense uit die gemeente wegjaag. Hulle moet hulle lidmaatskap van die Kerk van die Here verloor – dat hulle daardeur kan sien dat hulle nou glad nie meer die liefde van God deur die bruindraad kan ontvang nie. Hulle is opsy gestoot deur God. Hierdie optrede van die gemeente word die **'ban'** genoem.

**<u>5. Die groendraad beskerm die kerk</u>**

Ook hierdie afsnyding gebeur deur die groendraad: die Evangelie. Dit is deur die groendraad wat net aanhou om die krag af te sny, dat daar besluit word dat die ketel heeltemal losgemaak word van die kragtoevoer. Hy word op die rak gesit.

Wat gebeur as ŉ gemeente nie lidmate vermaan, onder sensuur sit of ban nie? Dit gebeur baiekeer dat ŉ gemeente nie hierdie tug toepas nie, al misbruik lidmate die Evangelie om sonde te doen, en al verkondig die predikante heeltemal ŉ ander Evangelie as redding deur geloof alleen.

Wat doen ŉ groendraad met ŉ huis se krag? Hierdie groendraad van een ketel is sterk genoeg om nie net die kragtoevoer na die ketel af te sny nie; die kragtoevoer na die héle huis kan net deur een ketel se groendraad, afgesny word. Net so kan die Here deur die Evangelie die vloei van Sy liefde en genade na ŉ héle gemeente afsny as daar ŉ sonde kom wat die liefde van God vir ons, en ons liefde vir Hom, laat kortsluit – aanhoudend, sonder dat daar aandag gegee word aan die kortsluiting.

Daarom moet die kerk nie net die Evangelie deur die bruindraad, die verkondiging van die Evangelie, ontváng nie. Die kerk moet ook dadelik reageer op die Evangelie as túg - die groendraad: hulle moet vermaan, sensuur toepas en die ban toepas soos wat Paulus in die boek Galasiërs doen.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog